

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
eviljoen7@absamail.co.za
Dr. C. Saayman, Kaapstad
saay@isales.co.za

Medewerker

Ds. J. van der Linden, Johannesburg
johannesvanderlinden@yahoo.com

September 2008 **Nommer 70**

INHOUDS OPGAWE

**Onderskei die goeie
wil van God**

...1

**Die Heilige Gees en
ons geloofslewe**

...3

**Wat beteken die kerk
vir u?**

...5

**Bybelgefundeerde
onderrig**

...8

Musiek en erediens (II)

...9

**Saam met al die
heiliges**

...12

Onderskei die goeie wil van God

E Viljoen

Is daar vir elke aspek van ons lewe 'n duidelike bybelse gebod wat ons moet volg? 'n Vraag wat dikwels in dieselfde asem gevra word is of daar sekere aspekte van ons lewens is waarin ons "vry" is as ons geen gebod daarvoor of daarteen kan vind nie. Of ons kan wonder of daar werklik in elke situasie net een regte en goeie opsie is om te kies wat duidelik deur 'n gebod aangedui moet word. Dit alles lei ons om die vraag te vra of dit enigsins reg is om altyd of selfs in die eerste plek te vra na 'n "gebod" van God om sy wil te ken en mekaar op aan te spreek.

Die werk van die Here

Ek dink dat dit glad nie belangrik of noodsaaklik is om te kan sê dat daar vir elke aspek van ons lewe 'n gebod van God is nie. Bepalend vir ons lewe is nie in die eerste plek die *wet* van die Here nie, maar die *werk* van die Here. Op een of ander manier leef ons hopeloos te sterk met die gedagte dat daar tussen wie die Here is en wat Hy doen, en ons gehoorsaamheid aan Hom altyd 'n gebod ingeskuif moet word. My kritiese vraag is: "Is dit reg om te dink dat ons gewetens net gebind is aan die Here wanneer Hy vir ons 'n regstreekse gebod gegee het?"

Is wie God is en wat Hy in sy volmaakte skeppings- en verlossingswerk gedoen het nie genoeg om by ons verwondering en gehoorsaamheid te bewerk nie? Voel ons onself los van die Here totdat Hy ons met 'n gebod aanspreek? In so 'n geval sou dit kon beteken dat ons ook nie hoef te glo nie, totdat ons 'n regstreekse opdrag van die Here kry om te glo nie. Dit alles word 'n skematisering van ons lewens wat totaal kunsmatig en uiters onnatuurlik is.

Tussen die karakter van God en ons gehoorsaamheid hoef nie eers 'n gebod ingeskuif te word voordat ons aanspreekbaar is nie. Wie God is en wat Hy doen en gedoen het, is meer as genoeg om ons in beweging te bring! Daar is werklik geen noodsaaklikheid van 'n bemiddeling van 'n gebod tussen die wonder van die evangelie en ons (aan)gepaste lewensreaksie nie. Geen gebod is iets wat los van of selfs bo wie God is, staan nie. Die gebod gee ons niks nuut nie, maar is 'n aandagtrekker vir wie God is en wat Hy gedoen het.

Dit is nooit asof ons nog nie aanspreekbaar is totdat daar 'n gebod sy opwagting maak nie. Ons word nie tot gehoorsaamheid in beweging gebring deur die hefboom van die gebod nie. Die gebod is 'n ligwerper op wie God is en wil daarmee ons in beweging bring. Miskien lê hier die rede vir ons dikwels trae gehoorsaamheid aan die Here. Ons gehoorsaamheid behoort die karakter van blymoedige aanbidding te hê. Aanbidding in gehoorsaamheid van 'n genadige en liefdevolle en majestieuse God. Maar solank as wat ons ons verkyk en vaskyk in 'n gebod sonder om die liefdevolle en grote Here self raak te sien nie, word ons reaksie dié van 'n slaaf en word die wet 'n slawedrywer.

Wees heilig, want ek is heilig

Nadat Petrus geskryf het: "Geseënd is die God en Vader van ons Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode", het hy klaar alles geskryf wat nodig is om vervolgens te skryf: "Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel geword het by die openbaring van Jesus Christus" (vgl 1 Pet. 1 : 3, 13).

Petrus wil skryf oor hoe die gelowiges hulle lewens moet intrig. Vir hom is dit genoeg om te verwys na wat God gedoen het in Jesus Christus. Vir die gemeente moet dit genoeg wees om te weet dat Hy wat ons geroep het heilig is. Dit is omdat Hy heilig is, dat ons lewens 'n heilige karakter sal hê. God se heiligheid is hier nie sy "sondeloosheid" nie, maar sy onverklaarbare karakter wat by ons aanbidding en verwondering wakker maak wanneer ons gelowige aandag het vir wat Hy gedoen het om vir ons 'n nuwe lewe saam met Hom te gee.

Vir Petrus is daar een groot motief vir ons om heilig te wees: Want God is heilig. Dit is omdat ons God as Vader kan aanroep dat ons lewe totaal nuut ingerig gaan word. Omdat ons weet dat ons lewens nie deur verganklike dinge soos goud en silwer gekoop is nie, maar deur die kosbare bloed van Jesus Christus, sal ons geen "ydele lewenswandel" meer hê nie.

Geen gebod?

Probeer die uwe hiermee beweer dat daar geen plek is vir 'n gebod van God in ons gehoorsaamheid aan die Here nie? Dit sou absurd wees en spreek van blindheid vir die manier hoe die Skrif self met ons praat.

Ons kan onmiddelik dink aan die wetgewing van die Here by die berg Sinai en die konkrete geboorte en opdragte van Christus en sy apostels. Ek probeer slegs duidelike aandag vra vir die manier hoe ons eie Heidelbergse Kategismus die gebod aan die orde stel.

Die gebod kom aan die orde as 'n manier om aandag te vra vir die God wat sy volk uit Egipteland uit die slawehuis bevry het. Die motivering vir die gebod lê in die werk van die Here. Bepalend vir ons lewe is daarom nie die wet in die eerste plek nie, maar die werk van die Here. Die wet(te) wat losgemaak word van die werk van die Here, word onverstaanbaar en bewerk selfs 'n stuk hoogmoed en 'n lewe los van die Here. Wat kan erger wees as 'n "wetsgehoorsame" lewe los van die geregtigheid van God? Was dit nie juis Paulus se groot smart oor die volk Israel dat hulle besig was met die "wet" in alle ywer, terwyl hulle die geregtigheid van God verwerp het nie? (Rom. 10)

Die gebod gee ons niks nuuts nie, maar is 'n aandagtrekker vir wie God is en wat Hy gedoen het.

Die wet wil ons terugneem na dit wat ons werklik bind. Ons word gebind aan die werk van God. Die wet wil slegs maar voorbeelde wees van die respons wat hierdie werk van God by ons behoort wakker te maak. Net soos wat ons nie glo sonder geloofsvoorbeelde nie, is ons ook nie gehoorsaam, sonder voorbeelde van gehoorsaamheid nie. Deur bepaalde voorbeelde te gee van maniere hoe God se werk in ons lewe wil ingryp, word ons hele lewe gebring onder die gees van aanbidding en gehoorsaamheid. Die wet(te) van die Here wil met geen eie gesag na ons kom, anders as die gesag van die werk(e) van die Here wat 'n eie gesag het en aanspraak op ons hele lewe wil kom maak nie. Die wet(te) wil nie 'n appél en gesag oor ons lewe uitoefen, wat nie reeds deur die werke van die Here uitgeoefen word nie. Die werklikheid van God se genadewerk het genoeg gesag om daarmee beslag op ons lewens te lê tot in die kleinste detail.

Kerklieke praktyk

Ek wil probeer om verder te illustreer hoe die "gebod" van die Here dikwels by ons funksioneer.

There is a difference between fearing God, and being afraid of God - the Godly fear God as a child does his father, the wicked are afraid of God as the prisoner is of a judge - T Watson

Wanneer kerklike tug of vermaning ter sprake kom, is dikwels die eerste vraag: “Watter gebod het die persoon oortree?” Indien die optrede nie duidelik aanwysbaar onder een van die gebooe val nie, word daar gewonder of ons mekaar enigsins mag aanspreek en vermaan. Dit is asof daar ‘n sekere deel van ons lewe bestaan waaroor die Here geen seggenskap het nie, want dit word nie “gedek” deur ‘n gebod nie.

Die gevolg van hierdie denkpatoon is dat iemand maklik ‘n lewe los van die Here kan leef, die genade van die Here kan minag en tog ‘n sogenaamde “onberispelike” lewe lei. Op die oog af geen oortreding van ‘n gebod nie, maar tog ‘n lewe waarin die geloof en geloofsvreugde oënskynlik heeltemal afwesig is. Die oorgawe van my hele lewe ontbreek dan te dikwels.

Die motivering vir die gebod lê in die werk van die Here. Bepalend vir ons lewe is daarom nie die wet in die eerste plek nie, maar die werk van die Here.

Die karakter van ons Christelike lewe mag nooit verval tot of vereng word tot lewe uit ‘n reeks gebooe nie. Ons hele lewe moet ‘n heilige lewe wees. ‘n Lewe in Christus deur die krag van die Gees. Dan kan daar in ons lewe geen swart, wit of grys gebiede wees nie. Dan is ons hele lewe onder beheer van Koning Jesus. Ons lewens sal dan ‘n lewe wees wat getuig van die vrug van die Gees. Geen kleurlose lewens wat alles presies dieselfde sal laat lyk nie, maar die kleurvolheid van die werk van die Gees in elkeen se lewe sal skitter in geloof, liefde, sagmoedigheid, verdraagsaamheid, geduld....

Gehoorzaamheid word dan nie meer gesien as ‘n spanning tussen wet en evangelie nie, maar ‘n bevrydende oorgawe van my hele lewe aan die Here. Ons sal mekaar dan ook in niks wil “vry laat” nie, maar in alles aan Christus gebind.

Die Heilige Gees en ons geloofslewe

C Saayman

Die feit dat die Heilige Gees deur die kerk die “derde” Persoon in die goddelike Drie-eenheid genoem word, beteken nie dat Hy derde in volgorde/rangorde is nie. Hy is ook geen onpersoonlike krag/invloed nie. Hy is ‘n Persoon. Die Bybel skryf eienskappe van ‘n persoon aan Hom toe, byvoorbeeld “getuig” (Joh 15:26), “lei” (Joh 16:13), “spreek” & “verkondig” (Hand 8:29), “besluit” (Hand 15:28), “bedroef word” (Efes 4:30) en gelykstaande met die Vader en die Seun as volwaardig God. Hy word die “Gees van God” en “Gees van Christus” genoem (Rom 8:9, Filip 1:19) asook die “ewige” Gees (Hebr 9:14). Toe Annanias en Saffira vir die Gees gelieg het, het hulle vir GóD gelieg (Hand 5:3,4). Sien ook die formules vir die uitspraak van die seën (2 Kor 13:13) en die doop (Mat 28:19).

Dit is belangrik om te let op die besondere verbintenisse tussen Christus en die Gees. Deur die Gees het die ewige Seun van God méns geword (Luk 1:35). Alles wat Jesus gedoen en gesê het, het Hy deur die Gees gedoen. Die Vader het die Gees sonder beperking aan Jesus gegee (Joh 3:34). Die Gees verheerlik Christus sodat mense tot geloof in Hom (Christus) kom (Joh 16:14). Die Gees tree dus nie self op die voorgrond nie, maar laat die lig op Christus val. Daarom kan niemand sê dat Jesus die Christus is, behálwe deur die Gees nie (1 Kor 12:3). Wie tot geloof in Christus gekom het, hét dus die Gees in al Sy volheid ontvang (vgl Joh 7:39). Dit is onmoontlik om op Christus se dood en opstanding te vertrou, en nie ten volle deur die Gees in besit geneem te wees nie (Rom 8:9). Die Gees kan ook nie stuksgewys in ‘n gelowige se lewe teenwoordig wees nie, want Hy is ‘n Persoon.

Die Gees van méér?

Oor die werk wat die Gees in ‘n gelowige se lewe doen, bestaan daar verskil van mening. Dit is veral die Charismatiese groepe wat verwarring skep omdat hulle met ‘n bepaalde opvatting oor die werk van die Gees werk, wat strydig is met die suiwer leer van die Woord. Volgens die tipiese “pinkster-teologie”, gee die Gees aan ons méér as wat ons reeds in Christus het. Die Gees is die “Gees-van-meer”. Hy gee *ekstras* wat Christus nie bied nie.

**Ons gawes bepaal nie ons roeping nie,
maar ons roeping bepaal die gebruik van ons gawes**

- P Niemeijer

In die klassieke “pinkster-teologie” bestaan daar 3 spanninge: A. Spanning tussen: Christus en die Heilige Gees, B. Spanning tussen: glo deur die Gees en ekstra dinge wat boonop deur die Gees *ervaar* kan word en C. Spanning tussen: die geskrewe Woord en die regstreekse werk van die Gees waardeur die Gees ekstra openbaringe gee bó en behalwe die geskrewe Woord.

Is dit werklik so dat die Gees méér is/gee as Christus? Is dit so dat ervaringe méér is as geloof? Is dit so dat die regstreekse werking van die Gees méér is as die Woord? Moet ’n gelowige opsoek wees na *meer*? Is dit wat met “groeï” in die geloof bedoel word? Lyk ’n gelowige se geloofslewe soos ’n dubbeldek bus – ’n onderste vlak (Christus) en boonste vlak (Gees)?

Andrew Murray

Hierdie idee van ’n “tweeverdiepingmodel” was die kern van iemand soos dr. Andrew Murray se teologie. En hy was ’n NG leraar wat ongekende invloed gehad het – tot vandag toe. Hy was die vader van ’n soort charismatiese rigting wat binne die NG Kerk posgevat het – en tog wou hy as “gereformeerde” bekend staan. Hy het egter ’n vreemde leer in die NG Kerk ingebring en geen haan het daarvoor gekraai nie. Dit is so geduld en aanvaar. Eintlik het hy die weg gebaan vir die huidige vatbaarheid vir die Charismatiese teologie binne die NG kerk.

Wat was die kern van Murray se “tweeverdiepingmodel” teologie? ’n Mens moet Jesus in die geloof ken vir die vergewing van sonde, maar dit is slegs maar die begin van die rykdom. By Jesus is slegs maar die begin te vinde. *Slegs maar* versoening, die kruis, genade. Maar dan kort die volheid nog. Dít ontvang ’n mens deur die Heilige Gees te ken. Dán ontvang jy oorwinning oor sonde, verheerliking, selfs ’n tipe volmaaktheid. ’n Mens kry dus twee soorte Christene: Diegene wat nog net vassteek by Christus en *slegs maar* gered is én diegene wat die *volheid* ontdek het deur ’n ervaring met die Heilige Gees te kon smaak! Die Gees bring jou op ’n *hoër en heerliker vlak* as wat in die versoeningswerk van Christus jou deel is.

Om die Gees te ken/ervaar is dus méér as om Christus te ken. In ’n gemeente is daar dus 3 groepe: 1. Ongelowiges 2. Beginners wat net maar in Christus glo 3. Die werklike ingewydes wat ’n hoër lewe ken. Groep 2 kórt iets om na groep 3 oor te skuif: die ervaring van die doop met die Heilige Gees.

Die geloof in Christus moet aangevul/opgegradeer word met iets wat méér is as net-maar-glo. Dit gebeur wanneer die gelowige daarin kan slaag om homself algeheel te ontledig van die “self” en algeheel oor te gee aan die Gees.

Is dit werklik so dat die Gees méér is / gee as Christus? Is dit so dat ervaringe méér is as geloof?

Belangrik: jy moet *algeheel* oorgee. Juis hier lê die knoop: Wanneer is “algeheel” werklik “algeheel”? Wat hier gebeur: die fokus verskuif wég van Christus se verlossing na die méns wat moet swoeg om ’n *algehele* oorgawe te maak. Die mens word op ’n subtiele wyse na hom/haarself verwys om die knoop deurgehaak te kry. So kom eindelose twyfel en onsekerheid weer by die agterdeur in, omdat die aandag verskuif word van Christus se volbragte werk ná die mens se dade. Op hierdie manier word die hartklop van die evangelie vernietig.

Charismate

Die hedendaagse Charismate voeg nog ’n klomp ekstra vereistes toe (wat Murray nie gedoen het nie): Daar moet ’n openheid wees vir die “charismatiese dimensie”: Openheid vir bonatuurlike ervaringe van die Gees soos drome, visioene, regstreekse openbaringe, profesieë, talepraat. Dít plaas jou op die boonste vlak/ derde groep. Dán is jy uiteindelik ’n Christen soos die Here dit bedoel het om te wees. Dit beteken jy moet wegkom uit die dooie/dorre gereformeerde kerke waar hierdie dinge nie geleer word nie en waar daar nie openheid hiervoor is nie – waar daar net oor Christus en geloof-in-Hom gepraat word. Die gereformeerdes hou hulle mense (met hulle Christusverkondiging) net op vlak 1/groep 1. Hulle mislei hulle mense deur nie die vólle waarheid (ekstra dimensie van die Gees) bekend te maak nie. Kom weg daar! Voeg jou dáár waar daar lewe en vryheid in die Gees is. Gaan voeg jou dáár waar die Gees méér is as die Bybel/geskrewe Woord. Dáár waar daar openheid is om nuwe, vars, verkwikkende openbaringe van die Gees te ontvang. Die Bybel se openbaring is gestol. Gaan dáár waar daar direkte ingrypinge van die Gees plaasvind – eerstehandse openbaringe deur Geesvervulde mense wat profesieë ontvang en in tale praat. Kom weg van die dorre gereformeerdes wat net vashaak by die tweederangse Bybel.

No matter how intense our experiences, no matter how acute our perceptions of what we think God would have us do, we cannot be certain God has spoken unless our revelation is based on Scripture - JM Boice

Volheid in Christus

'n Mens kan die Bybel maar net bolangs lees om te sien hoe die Charismatiese teologie (tragies) die bal geheel en al misslaan. Wanneer 'n mens die Nuwe Testament onbevange lees, hoor jy 'n totaal ander soort taal. Dit is nie 'n taal wat so opwindend is soos die Charismatiese taal nie, maar dit is 'n taal wat 'n mens werklik tot rus bring – wat jou troos – in lewe en in sterwe. Wat ware hoop gee.

Die Nuwe Testament weet absoluut niks van 'n "tweeverdiepingmodel" nie. Weet niks van verskillende "soorte" Christene wat op verskillende "vlakke" is nie. Geen spanning tussen Christus se werk en die Gees se werk nie. Die Bybel weet niks van die Gees wat aan 'n mens méér gee as wat Christus gee nie. Tewens, die Apostel stel dit duidelik in Kol 2 dat die gelowige die volheid in *Christus* besit. Hierdie volheid kom nie net sekere gelowiges (wat 'n sekere vlak van Geesvervuldheid bereik het) toe nie, maar álmal. Kyk maar net aan wie adresseer hy sy woorde in Kol 1:2: "Álmal in Kolosse wat aan God behoort." Vir Paulus beteken geestelike groei om in verbondenheid met Jésus te lewe (v 6) – in Hom gewortel en op Hom gebou – en om te sorg dat niemand jou met misleidende argumente van Hóm af wegvoer nie (v 8). Die volheid van die Gees is om te gaan leef vanuit die volheid wat jy in Christus *reeds besit*.

Die volheid van die Gees is om te gaan leef vanuit die volheid wat jy in Christus *reeds besit*.

In Efes 1 stel Paulus dit duidelik: God die Vader *het* ons geseën met *al* die seëninge van die Gees wat daar in die hemele is. En waar kry ons hierdie seëninge van die Gees? In Christus! (v 3). Weereens: dit is *alle* gelowiges se deel. Kyk na v 1, dan sien jy aan wie rig hy hierdie woorde: Aan *álmal* in Efese wat in Christus glo.

Hoe kom die kragtige werking van die Gees in 'n mens se lewe na vore? Waar sien jy dit? Hoe werk Hy? Wat is Sy hoofzaak? In Joh 15:26 sê Jesus van die Gees: "Hy sal van My getuig." Wanneer die Gees kragtig in 'n mens se lewe werk, leer Hy jou om al die rykdom in Christus te vind.

Om dááruit te leef in die gewone gang van elke dag. Die Gees is die Gees wat geloof wek (2 Kor 4:13). En geloof ontvang altyd die volheid wat in Christus is. Ek lewe vanuit Christus se algehele oorgawe aan my. Ek probeer nie hoër hoogtes (meer van die Gees) bereik deur myself algeheel aan Hom te gee nie. Ek sal myself nooit algeheel oorgegee kry nie. Ek sal altyd daaroor onseker bly. Dit lei ook tot eie roem/trots. Gelukkig lei die Gees my nooit om op my algehele oorgawe te let nie, maar Hy lig my ken op sodat ek kan opkyk en Christus se algehele oorgawe aan my kan sien en dáárin my sekerheid en volheid vind. Dit het ootmoed en nederigheid tot gevolg, nie roem en trots nie. Want ek leef uit Sý algehele oorgawe, nie uit my oorgawe nie. Daarom is my sekerheid nie selfversekerdheid nie, maar Christusversekerdheid. Wie in alle ootmoed só leef, ken iets van die kragtige werk van die Heilige Gees.

Wat beteken die kerk vir u?

JA Breytenbach

Ons loop hulle byna daagliks raak. Mense wat teleurgesteld is met die kerk. Mense wat gekwel is oor die rigting wat "hulle" kerk inslaan. Mense wat nog wil vashou aan die gereformeerde belydenisskrifte, en (tereg) die Belydenis van Belhar afwys, omdat dit afwyk van die Skrif.

Ons praat soms van "ons" kerk en "julle" kerk. Is dit reg? Dit hang af van wat jou belydenis vir jou werd is. Die vraag is eerder: wat bely ons van die kerk?

Ja ons bely elke Sondag... ek glo in 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges...

Nog breedvoeriger bely die kerk dit in die Nederlandse Geloofsbelijdenis, art. 27-32, en die Heidelbergse Kategismus, Sondag 21.

Watter kerk bely ons? Is dit 'n kerk wat onsigbaar is en wat binne in die instituut (die uiterlike organisasie) voorkom? Of is dit die Bybelse ideaal, waaraan daar in die gemeente hier en daar iets van te bespeur is? Of staan ons belydenis los van ons kerkwees?

Nee. Die kerk wat ons bely, die kerk van Christus, is Christus se werk. Wie dit rniskyk, sal die kerk beskou as 'n instelling van gelykgesindes waarvan jy volgens keuse lid is.

Faith is to believe what you do not see;
the reward for this faith is to see what you believe

- Augustine

In die Bybel word vir ons met verskillende beelde die werk van Christus in sy kerk beskryf. Om een voorbeeld te noem: Christus is herder en die kerk is sy kudde. Hy maak sy skape bymekaar, Hy versorg hulle, Hy beskerm hulle. Hulle luister na hul Herder se stem en hulle volg Hom (Joh. 10). Hulle hoor die Woord en neem dit aan. Hulle leef uit die beloftes wat in die verkondiging van die Woord en die suiwer bediening van die sakramente na hulle kom. Die kerk is Christus se werk om te roep en te trek en die kerk is die gelowiges wat hulle gehoorsaam deur Christus laat vergader. Die Here gee aan die gelowiges dieselfde beloftes wat Hy aan Abraham gegee het, hulle is deur die aanneem van God se beloftes nageslag van Abraham en met hulle kinders is hulle verbondsvolk van die Here (Gen. 17).

Die ware kerk van Christus is nie 'n verborge saak wat vir die oog versteek is agter 'n sigbare instituut of organisasie nie. Die ware kerk word uitgeken: wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf - en gaan die NGB voort - wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken.

Hoe sal ons dan Christus en sy werk bely, maar oor sy kerkwerk swyg? As ons belydenisskrifte werklik uitdrukking is van ons geloof, sal ons die ware kerk herken, en ons daarby aansluit, en ons nie laat bind deur die valse kerk wat aan homself en sy besluite meer mag en gesag toeskryf as aan die Woord van God nie.

Ongehoorsaamheid bedreig Christus se kerk. Ongehoorsaamheid en onbekeerlikheid het tot gevolg dat die kerk valse kerk word en dat die ware kerk verplig is om in gehoorsaamheid aan Christus hulle van hierdie juk los te maak.

Hoe kan ons vir mense help wat onder die laste van 'n onbybelse kerklike binding gebuk gaan? Ons moet met hulle praat oor ons belydenis.

Onthou: daar is sogenaamde kerke van gereformeerde belydenis waar die kategismusprediking 'n vreemde verskynsel geword het. Die gereformeerde lewensfeer in sy omvang word nooit aangeleer en van kindsbeen af ingeasem nie.

Die probleem is dat ons soms praat in belydenistaal, en dat mense dan beaam wat ons sê. Maar die betekenis wat hulle aan Bybelse en belydenisbegrippe heg, verskil van die

betekenis wat dit vir ons het. Hierdie begrippe word nie in hulle eenheid en heilshistoriese verband verstaan nie, maar meestal op die klank van woorde af, in 'n metodiese en subjektiewe heilsordelike raamwerk. Begrippe soos "geloof", "bekering", "wedergeboorte", "verbond", "doop", "kerk" en "kerkorde" word op hierdie manier verstaan. So praat ons by mekaar verby. As ons beswaardes wil help om tot 'n geloofskeuse te kom, moet ons die inhoud wat aan hierdie begrippe gegee word, probeer verstaan en sorgvuldig en geduldig met hulle dit deurpraat en 'n *Skriftuurlike inhoud* daaraan gee.

Hoe sal ons dan Christus en sy werk bely, maar oor sy kerkwerk swyg?

Neem byvoorbeeld die woord "kerk". Wat word daarmee verstaan?

Daar is mense wat vreemd dink oor die kerk, en vir hulleself laste oplê wat hulle met groot moeite dra, omdat hulle nie die eenvoud van die geloofstaal oor die kerk ken nie. Vir hulle is die belydenis dorre leer, hulle onderskei dit en reken dit ver verwyderd van die "lewende geloof in Jesus Christus". 'n Beskouing wat ons dikwels aantref, is dat die plaaslike kerke gemeentes genoem word in die sin van onderdele van die "kerk", en dan sluit die woord "kerk" al die gemeentes en al die ringe of klassisse en al die streeksinodes in en ook die algemene sinodes en die moderatuur en die sinodale kommissies. Die voorsitter van die algemene sinode, die moderator, mag dan namens die kerk praat, selfs nadat die sinode verdaag het. "Kerk" sluit ook al die werksaamhede van die sinodes in. Die ringe en sinodes is nie net vergaderinge van kerke nie, maar het ook die betekenis van iets blywends. Die sinodes onderneem sending en ander werksaamhede. Die kerkorde word gesien as 'n stel reëls wat die werking van wette het waaraan die sinode die gemeentes bind. 'n Aktuaris (verkose amptenaar van die sinode) is nodig om dit uit te lê. Dit is belangrik om kerkwetlik korrek te wees in geval 'n saak in die burgerlike hof getoets word.

Die kentekens van die ware kerk soos dit in die NGB gestel word, word so toegepas op die "groot" kerk, die geheel van al die gemeentes. In soverre hierdie tekens of sommige daarvan nog gevind word in die meeste gemeentes, word daar gesê, is die kerk nog ware kerk.

Geloof benodig die Woord soveel soos wat 'n vrug die lewende wortel van 'n boom benodig – J Calvyn

Of anders: as die tekens van Woord-, sakraments- en 'n vorm van tugbediening gevind word, al ontbreek die gehoorsaamheid aan Christus by baie lidmate, mag dit nooit kom tot 'n punt waar jy die kerk valse kerk noem nie. Die kerk waarin jy gebore en gedoop is, staan jy nie teen nie. Die vrede (nie die vrede van die ware leer nie) word ten alle koste in die kerk (die totaal van al die gemeentes) bewaar. Geen gemeente mag ook daarbuite gaan staan nie. Want dan word daar met die kerk gebreek. Daar is ruimte vir 'n verskeidenheid van teologiese uitgangspunte, dit kan in die verskillende gemeentes uitgeleef word, dit mag net nie die vrede in die kerk versteur nie. So is daar beswaardes wat gereformeerd wil wees, maar dit is 'n vryblywende saak, dit kom nooit tot 'n kerkkeuse op geloofgrondslag nie.

**Die gereformeerde lewensfeer
in sy omvang word
nooit aangeleer en van kinsbeen
af ingeasem nie.**

Aan die ander kant, kan hierdie beskouing soms ander kerke (sogenaamde kerkgenootskappe) as ware kerke erken, as die tekens ook daar gevind word. Dit gaan egter selfs verder. Waar almal in Christus glo (hierdie "glo" kan verskillende omvang hê, maar het dikwels nie die gereformeerde belydenis as inhoud nie) is daar erkenning van broeders en susters en is toenadering en samewerking moontlik. Dit bring of 'n subjektivistiese vroomheid, of die modeme ekumeniese wydheid mee. Die geloof in Christus, sien ons dan, word dikwels verskraal tot die leer van verlossing of tot wat kerkpolities korrek is.

Van beswaardes se kant kom daar ook herkenning van gereformeerdes, dit kom tot geleentede wat bygewoon word en eenheid wat gesoek word, maar die ems om jou by die ware kerk te voeg of om te kom tot kerkvereniging, die regte ekumeniese strewes, ontbreek.

Die kenmerkende van hierdie kerkbeskouing is die vergeestelike en swewende karakter daarvan. Aan die een kant word die kerk gesien as die groot geheel van al die lidmate van al die gemeentes. Aan die ander kant skerm sommige gemeentes hulle af van dwaalleer en streef om kerk van Christus te wees, maar dan is die keuse van kerkverband tog weer nie so 'n belangrike saak nie. Hulle hou by die regte leer, maar die grens is

die eie gemeente, wat in die ander gemeentes aangaan is rede tot sorg en kommer, maar dit word verdra dat ander gemeentes nie meer gehoorsaam is aan die Here van die kerk nie. Hulle leef maar saam met, en verdra die independentistiese en vrysinnige gemeentes in die kerkverband, en self leef hulle ook by 'n independente skering en inslag.

Hierdie beskouings oor die kerk hang saam met 'n aantal sake (wat alhoewel nie altyd almal saam nie, of in dieselfde mate nie, onder mense lewe met wie ons daagliks te doen het en geleentheid het om gesprek te voer):

- a) Die leer en lewe word geskei - dus die belydenis wat dorre leer is, en die lewe, wat deur die wederbarende werking van die Gees tot stand kom.
- b) Die wedergeboorte word opgevat as iets wat bo en behalwe die Woord, deur die Heilige Gees plaasvind, dit dra die karakter van iets ekstra, deur die Gees verrig.
- c) Die doop hou meer in as 'n belofte, die doop staan soms direk in verband met uitverkore wees. Hierdie verbinding is in die latere leeftyd nie altyd sigbaar nie, en dan keer sommige die rug daarop en ondergaan hulle die sogenaamde "gehoorsaamheidsdoop".
- d) Die verbondskarakter van die doop en van kerkwees vervaag onder hierdie verband wat met die uitverkieping getrek word. In reaksie teen pogings om aan bekering 'n datum te heg en dit so voor te skryf vir al die kerklede, word geloof iets outomaties wat uit die uitverkieping voortvloei. Of dit is 'n objektiewe gegewe op die lees van Barth, min of meer universeel. So word die persoonlike geloof in Christus ontredder en die begrip van die verbond vaag.
- e) Aan die anderkant word uitverkieping dikwels arminiaans opgevat asof God hulle in die ewigheid uitverkiep het van wie Hy weet dat hulle vir Horn sal kies.
- f) Soms leef daar 'n beskouing dat God sy kinders by hulle doop die genade (amper op 'n Roomse wyse) ingee, en dat dit uitgroeit tot geloof. Dan moet hierdie geloof opgewek word deur bekeringsprediking. Die gemeente is nie verbondsgemeenskap nie, maar wel (individueelgewys) gemeenskap van gelowiges.
- g) Die "lewe" van die persoon wat "aangeneem" word om lidmaat te word, moet reg wees. In die praktyk is daar dooplidmate, maar belydenis van geloof gee toegang om lidmaat te word. Die verbond funksioneer nie werklik nie. Die gang van doop tot toelating aan die nagmaal word nie in fokus gesien nie.

**Forgiveness is man's deepest need and
highest achievement**

– H Bushnell

Die belydenisskrifte word in 'n mate behandel, maar bly buite staan, iets afsonderliks van die "lewe" in Christus. Dat die "lewe" reg moet wees, is simptoom van die onderskeiding van die kerk in ware gelowiges en dooie lidmate, in sigbaar en onsigbaar. So kom dit dat spesiale opwekkingsdienste en evangelisasieprogramme binne die gemeente van stapel moet loop. So kom dit dat daar vrede gesluit word met die ongeloof, en lewende lidmate die dooies maar saamdra. So is dit dat mense tugteloos lede van die kerk bly. So is dit maar in die kerk, word gereken.

h) Die "lewe" wat so geskei word van die leer, en wat te doen het met die buitengewone werk van die Gees, maak dit natuurlik moeilik om van ouderlinge of predikante rekenskap te eis. Want ook die Bybel word in terme hiervan uitgelê. Dit maak dat mense eintlik met hierdie "lewe" met die hande in die hare sit en nie put uit die skatkamers van die Woord nie. Bybelstudie volstaan met oppervlakkige toepassing vir die lewe op die klank van die woorde af.

i) Die verkondiging word verskraal tot wat Christus vir my en my saligheid beteken. Die lewe voor die Here word teruggetrek op die binneste kamers van die hart en nie in die wydheid van die lewe gebring nie. Die belydenis is vir die lewe in die kerk bedoel. Die heil word teen-histories opgevat. Die historiese lyn van die heil in die Skrif word geïgnoreer en die eenheid van die Skrif verbrokkel. Dink watter implikasies dit vir kerk en sending het. In "belewing" wat tot aksie moet kom, word die redding vir die kerk op 'n aktivistiese wyse gesoek. Dit staan ver van Christus wat deur sy Gees sy kerk regeer.

j) Die ideaal van die Amerikaanse superkerk leef ook onder sommige. Dan word die erediens 'n laboratorium waar proewe gedoen word, aannames gemaak word en teorieë vanuit die geestes- en sosiale wetenskappe as teologie bewys word, waar uit die Bybel tekste aangedra word om liturgiese vernuwing deur te voer en die gemeente in "selle" te verbrokkel. Vir lidmate wat hierdeur ontredder is, is die beste waarop hulle kan hoop altematiwiese dienste binne dieselfde gemeente waar die ouer predikant gewoonlik nog die onvervalste Woord saai.

Ek sluit af met die vraag waarmee ek begin het: Wat beteken die kerk vir u? Self moet ons daarvoor praat. Maar vra dit ook aan die mense wat die Here daagliks na ons toe bring, hulle vir wie kerkwees 'n sware las geword het, en hulle wat verward is omdat hulle begrip van kerk, met die nuwe Suid-Afrika se intrede gesink het. Al wat ons moet doen is om Christus as enigste Hoof van sy kerk te verkondig.

Bybelgefundeerde onderrig

P le R Bisschoff

In die Jordaanriviervallei het lank 'n stapel klippe gestaan. Hierdie klippe is opgestapel deur die oudstes van elke stam net nadat die volk Israel droogvoets deur die Jordaan getrek het. Dit was 'n gedenkteken – 'n opdrag van God. Die doel van hierdie monument lees ons in Josua 4:6. "As julle kinders later vra en sê: Wat beteken hierdie klippe vir julle? Moet julle vir hulle sê: Omdat die water van die Jordaan afgekeer is voor die verbondsark van die Here by sy deurtog deur die Jordaan - die water van die Jordaan is afgekeer; daarom is hierdie klippe as 'n aandenking vir die kinders van Israel vir altyd." Hierdie teken het die Here gegee om die volk te herinner aan sy groot wonderdade in hul lewens.

So het die Here sy wonderdade van die een geslag op die volgende bekend gemaak. Dit was die taak van ouers om die weë van God se verbond aan hulle kinders, aan Sy kinders, bekend te maak. Die Skrifgedeeltes hieroor is bekend. "Hy tog het 'n getuienis opgerig in Jakob en 'n wet gegee in Israel, wat Hy ons vaders beveel het – om dit aan hulle kinders bekend te maak, sodat die volgende geslag kan weet, die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders, en hulle vertrou op God kan stel..." (Ps. 78: 5-7) Die doel van onderrig was duidelik: kinders moet leer om hul vertrouwe alleen op die Here te stel.

**Die doel van onderrig was
duidelik: kinders moet leer om
hul vertrouwe alleen op die Here
te stel.**

Hoe kan kinders leer om dit te doen as hulle Hom nie ken nie, nie Sy wonders in ons lewe elke dag raaksien en nie weet hoe Hy wil hê ons moet lewe nie? Dit is hierin waar 'n Christelike skool verskil van 'n sekulêre skool. By sekulêre skole word kinders opgevoed om eendag goeie burgers te wees. Jy moet oor 'n goeie werkberoep beskik en jouself goed in die gemeenskap kan handhaaf. Die Christelike skool daarteenoor voed kinders op met 'n ewigheidsdoel in gedagte. Nie die kind en sy behoeftes staan voorop nie, maar God se koninkryk. Hoe wil God hê moet ons ons lewens inrig?

Verwondering is die basis van erediens

In die skoolopset lyk bybelsgefundeerde onderrig heeltemal anders as sekulêre onderrig. Om 'n skool bloot met Skriflesing en gebed te open, maak nie van die skool 'n Christelike skool nie. Die Here eis dat die skool in al sy fasette aan Hom diensbaar moet wees. Dit sluit ondermeer die volgende in:

- Die kurrikulum bevat vakke soos Bybelkunde waarin direk geleer word hoe God hom in die Skrif openbaar. Daar bestaan 'n eenheid tussen dit wat die kind tuis, by die kerk en op skool leer.
- Alle ander vakke wat onderrig word, het ten doel om aan die leerlinge te toon hoe God hom deur die Skrif, asook deur sy skepping, openbaar.
- Die personeel is besied met die gesindheid van 'n oortuigde Christen. Dit blyk uit hul voorbereiding, aanbidding van lesse asook hul omgaan met die leerlinge sowel as hul ouers.
- Leerders is sondige kinders van God, wat deur die genade van God en die soenverdienste van Christus aan die kruis in die verbond opgeneem is en daarom moet strewe om in dankbaarheid daarvoor, tot Sy eer te lewe.
- Die ouers (en nie die staat nie) aanvaar verantwoordelikheid vir die standaard, sowel as die karakter van die onderrig.
- Alle aktiwiteite wat by die skool plaasvind (sport, kultuur, sosiaal, ens) geskied aan die hand van Skrif gefundeerde norme.

Die twee bene van Christelike onderwys, nl. opvoeding en onderrig is so nou vervleg dat daar geen onderskeid tussen die twee behoort te wees nie. Die onderrig wat plaasvind moet immers die doel van opvoeding, naamlik om die kinders te begelei om al meer aan die beeld van Christus gelykvormig te word, tot uitvoering bring.

Ongelukkig is daar min skole wat hul bestaan volgens hierdie norme inrig. Die meeste skole het nog die uiterlike skyn van Christelik wees, maar in die reël is dit bloot 'n Christelike sousie. Die gevolg hiervan is dat die volgende geslag ten gronde gaan weens 'n gebrek aan kennis. Omdat hul die Here nie ken soos Hy Homself aan ons openbaar nie, is hul sonder 'n vaste fondament in die lewe. Die Skrif leer, dat sulke mense soos skepe sonder 'n anker, doelloos rondgeslinger word in die lewe.

Mag dit so wees dat ons ons nie hieraan skuldig maak nie! Kom ons slaan skouer aan die wiel om moeite te doen met die opvoeding van ons kinders. As ons dit in geloofsgehoorsaamheid aan die Here doen, mag ons seker wees dat Hy die werke van ons hande sal bevestig.

Musiek en erediens (II)

J Smelik

Betekenis vir vandag

Die Ou-Testamentiese kerkmusikale reëlings verskaf nie 'n bloudruk vir ons praktyk nie. Soos ek dit al die vorige keer gestel het: die manier waarop die kerkmusiek in die tempel gereël en uitgevoer is, dien nie as 'n norm vir ons kerkmusikale praktyk nie. Die betekenis van die gebod van Dawid vir ons is daarom ook nie dat ons aan bepaalde musiekvorms gebonde sou moet wees nie. Uit die vorige artikel het dit al duidelik geword watter betekenis die gebod van Dawid wel vir die hedendaagse kerkmusikale praktyk het. Vir ons praktyk beteken die gebod heel konkreet dat ons aandag het vir sowel die kontinuïteit as die kwaliteit van die musiek wat in die liturgie opklink.

Dat die lof vir die Here permanent deurgang moet vind, hoef nie eens bespreek te word nie. Dit is vanselfsprekend dat jy as kerk daarvoor sorg dat die lofsang gaande gehou word. Vanuit hierdie gedagte word dit byvoorbeeld logies dat jy as kerk gesamentlik sorg vir 'n (goeie) liedboek wat in die samekomste én tuis gebruik kan word om die lof van God te besing. Vanuit die besef dat jy die lofprysing van vorige geslagte voortsit, is dit net so vanselfsprekend dat die lofsang van die kerk van alle tye en plekke in die bundel verteenwoordig word.

**Dit is vanselfsprekend
dat jy as kerk daarvoor sorg
dat die lofsang gaande gehou
word.**

Hierdie permanente lofprysing vra ook van ons dat ons ons kinders die loflied in die mond lê: ons leer hulle die groot waarde van die loof van die Here en daarom leer ons hulle die liedere. Ook liedere, byvoorbeeld psalms, waarvoor volwassenes soms nog sê dat kinders nie daarvan hou nie of dit te moeilik vind. Dit is maar die vraag of die probleem in werklikheid by die kinders lê, of by die volwassenes wat 'n bepaalde spiritualiteit voorstaan en die daarby passende repertoire bevorder. Los daarvan lyk dit vir my eger logies dat mens tydens die opvoeding in elk geval ook "dinge vir later" wil saamgee. Jy leer jou kinders byvoorbeeld ook liedere soos die psalms, wat hul betekenis vir die Christelike kerk deur die loop van die eeue bewys het.

**Perhaps God brings us to the end of our resources
so we can discover the vastness of His**

- N Anderson

‘n Ander heel konkrete uitwerking van die gebod van Dawid kan ons sien in die kerkmusikale reëlings. Dit handel oor reëlings wat moet sorg dat daar binne die kerke steeds mense is wat ‘n besondere taak het om die lofsang van die gemeente aan die gang te hou. In ons praktyk kan ons dink aan die Nederlandse “Regeling Kerkmuziek” wat deur die Algemene Sinode van Leusden 1999 vir die kerke aanbeveel is. Dit is ‘n handleiding by die aanstelling van en omgang met diegene wat die musikale aspekte van die erediens versorg. Ons hoef hier nie uit te wei oor die inhoud van die reëling nie, hetsy oor die vraag of ‘n dergelike reëling per se net orreliste of moontlik ook ander instrumentaliste moet/kan betref. Dit gaan daaroor dat ons deur middel van ‘n goeie kerkmusiekreëling die voortgang (van die begeleiding) van die gemeentesang so goed en ordelik moontlik waarborg.

Bowendien dwing die praktyk ons hiertoe, want die tyd is verby dat ons tevrede kan wees met die gedagte dat die orrel Sondae “tog wel speel”. Siende die sterk dalende getal orreliste binne ons kerke sal ons ons met soortgelyke volstruispolitiek vroeër of later vasloop. Aandag vir kerkmusikale organisering, vir kerkmusikale kontinuïteit en kwaliteit, is noodsaaklik – nie net omdat dit voluit Bybels is nie, maar ook omdat ons deur die hedendaagse praktyk doodeenvoudig daartoe gedwing word.

... leer die gebod ook dat die heiligheid en volmaaktheid van God die Skepper rigtinggewend moet wees vir die gehalte van die lofprysing.

Gehalte

Behalwe dat die gebod van Dawid inhou dat die lofprysing voortdurend bly klink, leer die gebod ook dat die heiligheid en volmaaktheid van God die Skepper rigtinggewend moet wees vir die gehalte van die lofprysing. Hier handel dit dus ook oor gehalte van tekste en musiek, van liedboeke, van orrelspel, en dies meer.

Laat ek dit duidelik maak dat ‘gehalte’ nie verwar moet word met ‘n bepaalde kompleksiteit of moeilikheidsgraad nie. Ek sê dit omdat die pleidooi om te streef na die beste en om nie tevrede te wees met laer gehalte nie, wel gelei het tot die gedagte dat hiermee gepleit

sou word vir ‘n elite, artistiek moeilik deurdringbare kerkmusikale praktyk. Die gevaar sou bestaan dat die eis om die hoogste haalbare na te streef sou kon lei tot ‘n erediens wat slegs vir die gelukkige minderheid genietbaar is. Dit is sekerlik nie die geval nie! Hier word ‘n valse teenstelling gemaak. Gehalte staan nie gelyk aan “moeilik”, “ondeurdringbaar” of “nie vir die gewone mens” nie. So blyk dit byvoorbeeld dikwels dat die kerkliedere wat taalkundig-poëties en musikaal eenvoudig is, die beste is.

Meer in die algemeen: die begrip ‘gehalte’ laat hom nie net uit oor watter musiekgenres wel of nie liturgies bruikbaar is nie, maar veral ook oor die vraag hoe musiek gespeel en gesing word. ‘Gehalte’ beteken dat iets voldoen aan bepaalde funksies. Dit kan ‘interne’ funksies wees waarby jy jou afvra of die musiek ook sodanig gesing en gespeel word dat dit tot sy reg kom en funksioneer. Dit kan ook ‘eksterne’ funksies wees, waarby jy jou afvra of musiek ook voldoen aan of pas binne bepaalde eksterne (bv. liturgiese) doelstellings/funksies.

“Hart belangriker as vorm”

Van ‘n ander orde is die gedagte dat gehalte nie veel meer sal bydra as dit gaan om die lofprysing van God nie – solank as wat dit “vanuit jou hart kom”. Die gehalte van teks of musiek sal onbeduidend wees, want God kyk na die hart.

Redenasies oor watter liedgenres wel of nie bruikbaar is nie, word as irrelevant beskou omdat dit in alle genres uiteindelik tog gaan om God se eer. Ook gesprekke oor die vraag of bepaalde musiek wel verantwoord uitgevoer word en of die orrel wel goed bespeel word, word om dieselfde rede as ‘n vermorsing van tyd beskou. Natuurlik is dit noodsaaklik en onmisbaar dat ons met hart en siel die Here dien en prys. Goeie, mooi vorms sonder innerlike betrokkenheid is oral en altyd verwerplik. Dieselfde geld vir orrelspel wat van elke besieling of deurleefde emosie ontnem is. Dat ons, hoe dan ook al, God van harte en deurleef moet dien, is ‘n onopgeerbare uitgangspunt wat ons ook in die Skrif teenkom.

Vervolgens kan mens jou wel afvra of hierdie beginpunt ook die eindpunt is as dit gaan om die manier waarop God gedien word. Ons het so pas vasgestel dat die dien van God nie sonder ‘n opregte betrokkenheid moontlik is nie. Maar dan moet ons vervolgens ook beseft dat die manier waarop daar in die Skrif vorm gegee word aan die dien van God, wel uiters belangrik is.

Dit wat ons het is ‘n lewe van geloof, en God beproef die egtheid van ons geloof, sodat die wêreld kan sien dat God diensknegte het wat bloot net op sy Woord vertrou

- R Sibbes

Ons kan byvoorbeeld dink aan God se opdrag om by die bou van die tabernakel en tempel duursame materiale te gebruik (Eks. 25–27 en 2 Kron. 2). Ook die gebod van Dawid wys aan ons dat uiterlike vormgewing nie afgespeel kan word teen immateriële sake en prinsipes nie (d.i. die opregte en hartlike dien van God). In die Nuwe Testament vind ons eweneens tekste waaruit ons weet dat die uitwendige manier waarop God gedien word nie minder belangrik is nie (sien byvoorbeeld 1Tim. 2:8,9 en 1 Kor. 11:4–7).

Die manier waarop die mens konkreet vorm gee aan die diens aan God, die middele en materiale wat hy daarby gebruik, is dus bepaald nie onbelangrik nie. Ons strewen en ideaal om God te dien met die beste wat ons het en wat ons uit die skepping kan haal, beteken outomaties dat ons aandag het vir gehalte, en dat daar dus ook nagedink word oor of alle religieuse musiek en liedgenres wel geskik is vir gebruik in die kerkdien. Ook kan ons heel konkreet dink dat ons enige eise stel aan diegene wat Sondae die gemeentesang moet begelei.

Daar word soms wel opgemerk dat die ‘beste’ tog nie haalbaar is nie en dat ons ook wel met die ‘goeie’ genoeg kan neem. Ten opsigte van die kerkmusiek sou ek so ’n gedagte nie wou ondersteun nie. Hoewel daar seker goeie ontwikkelings waarneembaar is, glo ek nie dat ons uit tevredenheid oor ons resultate die norm moet relativer nie.

Ons inspanning en offervaardigheid op kerkmusikale gebied is myns insiens ook nie van so ’n aard dat ons nou al rede het om “die lat minder hoog te lê” nie. Wanneer, onder andere, die gebod van Dawid ons leer om te streef om aan God die beste te gee, dan is dit daarby natuurlik duidelik dat geen relevante sake tersyde gestel word, soos die gebrokenheid van die lewe, die rol van die sonde en die onmag van die mens om God volmaak te dien nie. Ons weet dat die volmaaktheid hier op aarde nie bereik sal word nie. Desnieteenstaande is ons wel geroep om daarna te streef om God met die beste te dien.

Onbereikbaar

Daar is mense wat stel dat ons die bewoording ‘die beste’ eerder kan los omdat dit altyd beredeneerbaar bly oor wat ‘die beste’ is. Ek dink dat mens op hierdie manier wel altyd kan bly relativer. As jy nie kan praat oor wat die ‘beste’ is nie, kan jy net so min praat oor wat ‘goed’, ‘verantwoord’, ‘matig’ of ‘sleg’ is. Jy kan dan ewenwel jou bedenkinge uitspreek oor Filippense 4:8 waar daar gepraat word oor “al wat beminlik, al wat

welluidend is”. Jy sou ook hierdie woorde hul krag kan laat verloor deur te stel dat dit altyd argumenteerbaar bly oor wat “beminlik” en “welluidend” is.

Nietemin bly die oproep soos ‘n paal bo water staan om daarna te streef en dit te soek. Bowendien sou ek daarop wou wys dat probleme oor vroeë oor wat gehalte is, wat goed en nie goed is nie, in ‘n groot mate ontstaan wanneer vakmanskap buite spel geplaas word. ‘n Groep mense wat niks van wyn weet nie, sal oor die algemeen sterker verdeeld wees en verdeeld bly in hul beoordeling van wyn as ‘n groep wynkeners.

**Maar dan moet ons
vervolgens ook besef
dat die manier waarop daar
in die Skrif vorm gegee
word aan die dien van God,
wel uiters belangrik is**

Alhoewel daar altyd ‘n grys gebied bestaan en persoonlike voorkeure ‘n rol kan speel, geld dieselfde vir die beoordeling van kerkmusikale sake. Onder kerkmusici en himnoloë is daar aansienlik minder verskil in insig oor wat kwalitatief-verantwoorde kerkmusiek dan nou eintlik is. Onenigheid bestaan veel eerder as nie-kerkmusikale sake by die beoordeling betrek word. Byvoorbeeld in hoeverre mens bepaalde liederes sou moet toelaat in die kerkdien omdat hulle nou eenmaal graag gesing word.

Vir duidelikheid: ek verdedig hier nie ‘n situasie waar deskundiges die volk op diktatoriale wyse voorskryf wat wel kan en wat nie kan nie. Ewemin bepleit ek dat daar byvoorbeeld nooit liederes vrygestel mag word wat op bepaalde punte (tekstueel of musikaal) vir verbetering vatbaar sou wees, maar wat graag gesing word nie. Dit gaan vir my allermins oor ‘n dergelike rigiede situasie, maar myns insiens om ‘n hooflyn wat gevolg moet word.

Samevattend

Hoewel daar nog veel meer oor ons onderwerp te sê is, moet ons tog hier afsluit. In hierdie artikels het ons gesien dat musiek in vrywel alle kulture en tye ‘n vanselfsprekende plek in die godsdienstige lewe gehad het. Dit is dus blykbaar ‘n baie natuurlike gegewe.

It is the nature of faith to believe God upon His bare word ...
It wil not be, says sense; it cannot be, says reason; it both
can and will be, says faith, for I have a promise - J Trapp

Vanuit hierdie oogpunt is musiek nie 'n "vreemde eend in die liturgiese byt" nie. Die geestelike lewe kan nie sonder musiek nie en dit geld in elk geval vir die kerkdienste. Bowendien word ook uit die Bybel duidelik dat die gesonge lofprijsing by God se volk hoort. In verband met die term 'loof' het ons gesien dat dit nie uitsluit dat die lofprijsing ook 'n belydende en verkondigende funksie het nie.

Vokale musiek het binne en buite die Christendom altyd die primaat gehad. Dit is ook logies as mens kyk na die feit dat sing nader aan die mens lê as om 'n instrument te bespeel. 'n Persoon wat sing gebruik sy eie liggaam as musiekinstrument.

Bowendien speel die 'woord' 'n baie belangrike rol in die omgang tussen God en mens. Omdat praat en sing beide met ore en hoor te doen het, is dit voor die hand liggend dat hulle nou aan mekaar gekoppel is. Ook vanuit hierdie oogpunt is dit logies dat, in 'n kerkdiens, gesonge musiek belangriker is as instrumentele musiek. Dit beteken nie dat suiwer instrumentele musiek geen funksie in die kerkdienste sou hê nie. Inteendeel, daar is diverse funksies wat genoem kan word. So kan musiek iets uitdruk wat nie in woorde gesê kan word nie. Ook kan musiek in belangrike mate meewerk aan die skep van die regte konteks (ek vermy opsetlik die oppervlakkig klinkende woord 'sfeer') vir die ontmoeting tussen God en mens.

In hierdie betekenis kan jy sê dat ook instrumentele musiek 'boodskappe' oordra. Heel duidelik gebeur dit byvoorbeeld ook as 'n orrelis variasies van 'n bekende lied speel: slegs deur die melodie te hoor word die woorde van die lied in ons gedagtes opgeroep.

In hierdie artikel het ons veral benadruk dat die kerk die opdrag het om te sorg dat God se lof voortdurend bly opklink. Ook moet die gehalte bewaak word. Laasgenoemde het te doen met die gegewe dat musiek 'n skeppingsgawe is wat oorspronklik bedoel is om God die Skepper mee te dien.

Laat ek daarom afsluit met die volgende gedagte: musiek moet beoordeel word as onderdeel van die skepping wat – om die woorde van die NGB (art. 2) te gebruik – ons laat sien wat ons van God nie kan sien nie, naamlik sy ewige krag en goddelikheid. Die feit dat nie elkeen dit so sal ervaar nie, maak die gedagte nie minder kragtig nie. Soos almal ook nie met dieselfde ervaringsoë na die heelal sal kyk nie, maar die Skrif tog sê dat die uitspansel die glorie van God ontvou.

Saam met al die heiliges

Barmhartigheid en verlossing

1. Die hele mens

(JJ Arnold, 1986)

Al hoe meer word dit nou vir ons duidelik wat dit inhoud "Christus sy volk van hulle sonde red":

- Hy betaal vir die sonde en verwerf die vergewing van sonde by God;

- Hy sorg vir die bediening van die vergewing, "pas dit toe" wat Hy verwerf het;

-Hy verdien en skenk die Heilige Gees, deur wie ons nou ook al meer afstand gaan neem van die sonde en "heeltemal anders" word;

- Hy maak die wil van God weer bekend en leer ons, teen die sonde in, om die koninklike wet lief te hê;

- Hy gaan ook die gevolge van die sonde wegneem:

- die versteuring in God se skepping, waar die vloek immers indertyd gekom het;
- ook die versteuring in die mensewêreld, waar elkeen vanuit homself geneig is om sy naaste te haat;
- die versteuring in ons eie liggaam: siekte en duiwelsmag.

"Sy volk red van hulle sonde": ons het hierbo maar net enkele voorbeelde gegee, maar dit is allesomvattend. Op 'n pragtige manier praat die belydenis van die kerk hieroor: by niemand ander is daar enige heil te soek of te vinde nie – heil en welvaart is alleen by Hom en ten volle by Hom (Son 11 HK).

Hierdie belydenis moet ons uitgangspunt wees. Hierdie besef moet in ons agterkop wees by alles wat ons doen. Buiten die naam Jesus kan ons, as daar nood op ons afkom, niks goeds sê of doen nie.

- Is ons (ook as kerke) nie geneig om die werk van Christus te versmal tot "verlossing van die siel" nie?
- Gaan hierdie volle verlossing alles oor die hier en die nou? Wat beteken dit vir ons werk van barmhartigheid?

Gelowiges het vreugde en vrede – 'n vreugde en vrede
wat engele nie kan gee nie,
en wat duiwels nie kan wegneem nie - C Fowler

2. Woord en daad

(K Deddens, 1989)

Ons kan dus onder die indruk kom van al daardie groot aksies wat op die oomblik onderneem word, en die feit dat mense steeds meer oog kry vir die nood in die wêreld. Ek sou wou sê: ons moet steeds méér oog kry vir die nood in die wêreld. Want dit is onaanvaarbaar dat die kerk introvert leef en die wêreld en sy nood ignoreer.

Maar dan sal ons hierdie nood egter nooit geïsoleerd mag sien nie. Wyle Ds J v d Wielen het dit tereg in sy referaat oor wêrelddiakonaat so gestel: “Ons kan nooit sê dat daar tweeërlei nood is nie: ’n nood volgens die liggaam en ’n nood volgens die siel, nie. Op die eerste nood moet die praktiese christendom hom rig, die christendom van die daad, terwyl die nood van die siel net deur die woord weggeneem kan word...”

Die heil wat God in Christus aan ons skenk is immers ’n verlossing van die hele mens, na liggaam en siel. En daarom moet ons ook met barmhartigheid bewoë wees, nie slegs oor die “ewige sieleheil” van my naaste nie, maar ook oor die tydelike nood waarin hierdie selfde naaste verkeer. Die diensbetoon aan die naaste moet gerig wees op die kompleete mens in sy één nood en ellende.

Daarom kan sending ook nooit bedryf word sonder dat die barmhartigheid van Christus se kerk haar ook rig op die stoffelike nood van die mense, nie. En die rede hiervoor is dan nie omdat dit moeilik is om “teen leë mae te preek” nie. Hierdie werk van barmhartigheid word nie gedoen omdat ’n mens vir die werk van die sending eers noodgedwonge die maag moet vul nie, maar die christelike barmhartigheid het juis as taak hierdie vul-van-die-maag.

Maar dan moet ons ook die ander kant ingedagte hou: Die diens van barmhartigheid mag nooit losgemaak word van die evangelie nie. En dit is natuurlik omdat só die barmhartigheid wat betoon word, openbaar sal word as die barmhartigheid van Christus; maar dit mag veral nie sonder die evangelie gaan nie, omdat die christelike barmhartigheid nooit kan funksioneer sonder die bewoënhed oor die ewige sieleheil van die naaste, nie.

- Die groot barmhartighedsaksies in die wêreld kan die kerk soms beskaam. Maar hoe moet ons die werklike waarde daarvan beoordeel (ook aan die hand van vorige gedeelte: Die hele mens)?
- Op watter manier dink u om die heil in Christus na vore te bring die volgende keer as daar vir u onverwags hulp gevra word?

Sometimes the Lord calms the storm;
sometimes He lets the storm rage and calms His child